# Loergaatjie op ons Lewens

**Hindenburgstr. 36, 70825 Korntal, Duitsland – Tel +49 711 839651602 - Email:mengessandra@gmail.com**

29 September 2013

Liefste Julle!

Dis Sondagaand. Al die kinders is in die bed en slaap. Voor die nuwe week en maand oor ons spoel, wil ek gou 'n bietjie by julle kuier. Ja, ons bly nou in Korntal. (O, iemand het gevra: Korntal beteken 'Koringdal' – Korn + tal) En ons is baie tevrede en baie dankbaar om hier te wees.

Ons trek einde Julie het besonders goed gegaan. Die week voor ons trek, het ons elke dag mense gehad wat ons gehelp het om die laaste bokse te pak, die gordyne af te haal en die meubels uitmekaar te skroef (selfs SA vriende uit Oman het spesiaal 'n dag oorgekom om ons te help – en dik stukke tussen-in te kuier!). Die laaste Saterdag in Julie was trekdag. Die nuwe intrekkers het by die voordeur hulle goed ingedra terwyl ons by die agterdeur ons goed uitgedra het. Altesaam was ons 8 volwassenes en 5 kinders. Binne vier ure het ons alles uitgetrek en in ons vragmotor ingelaai. By Korntal aangekom, het 'n trop mense op ons gewag om ons te help: twee Duitsers, een van Australië, twee uit Palestina, 'n Pa-en-seun span uit Sudan en ons drie kinders. Die uitpak het twee ure geduur. En dit alles op die heel warmste dag van die jaar! Daarna het ons net ons beddens aanmekaar geskroef en geslaap. Ons was vodde en tevrede.

Die eerste twee weke het ons ongelooflik hard gewerk om alles weer in te rig, maar aangesien ons al 5 ingespring het en saam gewerk het, kon ons regtig elke boks uitpak en elke prent ophang in hierdie twee weke. En toe kon ons rus. Salig en lekker op ons smal, lang balkon. Ons somervakansie het ons 'n kans gegee om aan te kom, om rustig te raak en om ons omgewing voel-voel te ontdek: die winkels, die biblioteek, die fietsrypaaie, die dam, die beste pad skool toe…. Die lewe.

Dis nou presies 9 weke later en ek staan verstom. Ons voel so tuis en so welkom!!! Ja, die Korntallers het ons met oop arms ontvang. Ons gemeentelede het 'n manier om gedurende die diens te kyk watter gesigte vreemd is. Na die diens word enige nuwe gesig gegroet en verwelkom. Sover, elke Sondag, staan ons ten minste 'n halfuur voor die kerk terwyl mense wat ons die eerste keer gesien het, kom en groet, kennis maak en uitvra. Die wat ons al 'n ander keer gesien het, kom vra hoe dit gaan en of ons hulp nodig het. En ons word uitgenooi: 'n vriendin het ons uitgenooi om Saterdagaand (ons trekdag) tot die volgende Dinsdag elke dag by haar te eet (al ons maaltye) sodat ons rustig die kombuis kon inrig sonder om oor kos en koop te dink. Een Sondag kom 'n vrou en stel haarself voor. Na 'n paar woorde vra sy waar ons vanmiddag eet – en nooi ons net daar uit. Sy hardloop toe huis toe om te sien wat sy kan voorsit terwyl ons nog verder by die kerk kuier, en later self oorloop na hul huis. 'n Ander dag loop ek woud toe om te gaan stap. Voor ek by die woud aangekom het, sien ek n vrou wat inkopies uit haar kar haal. 'Hallo, is jy nuut?' Vra sy. Toe ek met 'n 'ja' antwoord, nooi sy my onmiddelik in vir tee sodat ons mekaar kan leer ken. Sedertdien het ek haar al dikwels iewers raakgeloop en lekker gesels. (O, onthou julle die Bollie tydskrif jare gelede? Die Swape – middelblad is waar ons woon. Swaapland ☺ Regtig!)

Ook die kinders voel welkom. Die eerste Sondag by die kerk het 'n blonde dogtertjie al om Liesl gedraai en voor ons huis toe is, het Liesl 'n papier met 'n adres en telefoon nommer op. Die kind is toe ingedeel in Liesl se klas en sedertdien is die twee onafskeidbaar. Hulle stap saam skool toe, speel smiddae, doen soms huiswerk saam en kuier asof hulle bang is dat die tyd gaan opraak. Liesl en Juli is onafskeidbaar en pas pragtig. Annelie het in 'n klas geland waarin sy baie tuis voel. 'n Kind het haar die eerste dag genooi om langs haar te sit. Binne drie dae het hulle uitgevind dat hulle beide

gelowiges is en die afgelope naweek is Annelie na n Gospel konsert met haar klasmaats. Ook in die kerk het Annelie 'n baie oulike maatjie gevind wat baie goed by haar pas. Ilana ken oulike kinders wat sy nog voel-voel ontdek, maar haar klas is nie heeltemal so ideaal nie. Die seuns terg die meisies onophoudelik op 'n afbrekende manier en leer is glad nie 'n prioriteit nie. Ons werk hieraan, maar Ilana is 'n meester op die gebied van regkom in onperfekte omstandighede. Dit maak net dat sy al haar emosionele krag nodig het vir skool en min energie oor het om maatjies te ontdek.

Tobias voel ook baie welkom in die gemeente en by sy werk. Hy het 1 September begin en is nog aan die leer oor hoe die kollege werk en die detail van sy rol. Hy leer ook kollegas ken en werk aan verhoudings met persone uit organisasies met wie ons nou saamwerk. Maar hy geniet dit en gaan graag werk toe. Net as herinnering: Hy is die organiseerder en dosent van die BA-program. Die studente is almal mense wat alreeds by sending betrokke is, maar besef hulle het meer opleiding nodig. Al die studente is deeltyds sodat hulle gelyktydig werksondervinding kan kry saam met hulle opleiding – of die werk wat hulle alreeds doen, kan voortsit gedurende die studies. Graag stel ek julle aan drie van sy studente voor: <u>Sergej</u> is n Messiaanse Jood wat 'n bediening het onder Russies-Duitse Jode in 'n spesifieke area van Duitsland. Hy is besig om 'n Messiaanse kerk te plant. <u>Clarion</u> is 'n Suid-Afrikaner wat al jare lank by OM werk. Clarion is baie begaafd om met jong mense te werk en wil nou, na jare ervaring, tog ook beter toegerus wees vir sy werk. Hy het drie kinders (daaronder 'n jaar oue tweeling). Sy vrou is besig om behandeling vir kanker te ontvang. Clarion werk deeltyds verder by OM en studeer deeltyds. <u>Kathrin</u> en haar man is al lank sendelinge in Thailand. Hulle is terug in Duitsland vir mediese behandeling wat haar man nodig het. Terwyl hy sy langtermyn behandeling kry, studeer Kathrin om nog beter toegerus te wees vir hul diens in Thailand. Tobias sal in November na Amerika vlieg om sy kollegas daar te leer ken by die affiliasie-universiteit – Columbia International University in South Carolina. Ons bybelskool het twee name: In Duitsland staan dit bekend as Akademie für Weltmission. In die res van die wêreld staan dit bekend as European School for Culture and Theology.

'n Paar kursusse waarvoor julle kan bid wat in die komende weke aangebied sal word:

International teams
Basics of Coaching
Immigration and integration
Reaching the nations through your profession.
Biblical anthropology
Biblical perspective on intercultural service
History of the worldwide church
Theological methods in missions
Leading processes in missions and the church
The law regarding to international visas and contracts
Introduction to the New Testament – blessing the nations
The church: a model of cultures working together
Principles for Christian, transformational development work
Coaching methods and intervention techniques
Group dynamics and team building
Postmodern personnel issues
Preparing short term workers
Introduction to intercultural communication
Coaching small groups
Systematic theology
Ephesians from a missiological perspective
Cultural-relevant leadership development

Die kursusse is deel van verskeie grade en studie programme en word in Engels of in Duits aangebied, afhangende van wie die dosent is.

Ook my diens begin stadig maar seker vorm aanneem. My prioriteit is om my gesin te help om hulle voete te vind. My Bybelstudiegroep in die gemeente het ook al begin. Ons doen tans die Name van God – wat dit beteken en hoe dit ons daaglikse lewe beïnvloed. Ek is ook gevra om die binneshuis versiering vir die Bybelskool te doen: alles van kamers inrig tot 'window dressing'. Intussen leer ek mense ken. Ek probeer elke dag twee mense se name te leer ken en te weet wie hulle is (net die

'basics'). Dis pret. Oral waar ek kom, ken ek ten minste 'n paar mense. Ek besef weer en weer hoe my ervaring vir die skeepsvoorbereiding my help om vinnig in n nuwe situasie reg te kom. Verder steek ek my voelers in verskillende rigtings om uit te vind waar God my wil gebruik. Is dit die werk met buitelandse kinders? Of die prostitute in Ludwigsburg? Wat van die nuwe projek vir swanger tieners? Of eerder 'n rol in die Bybelskool self? Dalk iets anders? Julle kan bid dat ek sal weet wat realisties is en wat op God se hart is. Korntal het n hoë persentasie gelowiges (rondom 10%, word geskat). Dit is baie hoog in vergelyking met die res van Duitsland wat nog 15 jaar gelede 3% gelowiges het en nou offisieel 1,3% gelowiges het. Ons geniet die voordele van die baie gelowiges om ons, maar ek besef hoeveel Christene regtig net onder gelowiges leef. Daar is egter in ons strate nog 90% wat nie glo nie. Ek wil graag my tyd en energie so gebruik, dat ek 'n voorbeeld vir die vroue om my rondom uitreik kan wees.

Annelie het haar plekkie gevind. Ons kerk het 'n sirkuswa gekoop. Elke Woensdagmiddag word die sirkuswa in die midddel van die dorp geparkeer en word die kinders uitgenooi om vir stories en speletjies te kom. Annelie het besluit om daar haar gewig in te gooi en gaan direk na skool soontoe om daar te help. God het haar bereidheid om te help, geseën. Annelie het die week nadat sy besluit het om dit te doen, 'n werk gekry om koerante uit te dra in ons woonbuurt en verdien al haar sakgeld daarmee. En tussenin help sy met projekte. Net verlede week het sy en 'n vriendin van my vir 50 persone 'n middagete gekook. Die persone was ouers van sendelinge wat by 'n spesifieke sending organisasie werk. Hulle het dit so waardeer dat iemand in hulle as sendeling-ouers belangstel en om ander in dieselfde situasie, te ontmoet. Ons eet al heel week die oorskiet van die lekker maal.

Ek staan verstom. Jahwe, die enigste ware God, het julle gebede beantwoord. Ons voel tuis en welkom en gemaklik in ons nuwe omgewing. Ons woonstel is knus, met eekhorinkies 1 meter van ons neuse as ons op ons balkon sit. Ons is dankbaar vir 'n lewendige gemeente en diensmoontlikhede en vriendskappe. Ons het ekstra geld van verskeie individue ontvang wat al ons kostes rondom trek en inrig gedek het. Ons het praktiese hulp gehad elke keer as ons dit nodig gehad het. Ons voel toegedek met seën en reg vir die nuwe uitdaging. Ons is diep dankbaar daarvoor.

En nou die cherry op die koek: my ouers kom in Oktober kuier. Hulle het ons kinders laas in 2011 gesien. Ons is opgewonde om ons nuwe lewens met hulle te deel en net saam te kan kuier! Hoera!!!

Baie liefde van ons 5

Tobias en Sandra Menges met Annelie, Ilana en Liesl

**Let asb. op: ons nuwe adres en telefoon nommer bo aan die brief**

Sandra se Loergaatjie-nuusbrief word deur Linda Coetzee versprei
linda@schoongezicht.net of 084 670 7767.
Indien die Here dit op jou hart lê om finansieel by die Menges-gesin betrokke te raak, kontak Esté by Bergsig kerkkantoor (tel 021 976 4106) of kontak Sandra Menges direk via e-pos.

Seëngroete, Linda (Menges / OM – Projekleier, NG Durbanville-Bergsig)